NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 150 punte

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulp-eksaminators van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

IEB Copyright © 2021

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 D

1.1.2 G

1.1.3 A

1.1.4 B

1.1.5 C

1.2 1.2.1 C

1.2.2 B

1.2.3 D

1.2.4 C

1.2.5 D

1.2.6 A

1.2.7 C

1.2.8 A

1.2.9 B

1.2.10 D

IEB Copyright © 2021

VRAAG 2

2.1 2.1.1 hardeware

2.1.2 VPN

2.1.3 bandwydte

2.1.4 BPM

2.1.5 SISU

2.1.6 produksleutel

2.2 Uitbreiding van die volgende akronieme:

2.2.1 **DIMM:** dual in-line memory module

2.2.2 **SPD:** stippels per duim

2.2.3 **OKH:** optiese karakterherkenning

2.2.4 **IKT:** inligtingskommunikasietegnologie

IEB Copyright © 2021

AFDELING B

VRAAG 3 STELSELTEGNOLOGIEË

3.1

Vraag-nommer	Naam van toestel	Hooffunksie
3.1.1	stelselsagteware/ bedryfstelsel	Bestuur die operasies van rekenaarhardeware, help ons om die rekenaarstelsel maklik te bedryf, beheer en fasiliteer die uitvoering van die toepassingsagteware
3.1.2	SVE	Die sentrale verwerkingseenheid (SVE) van 'n rekenaar is 'n stuk hardeware wat die instruksies van 'n rekenaarprogram uitvoer. Dit doen die basiese rekenkundige, logiese en toevoer/afvoer-bewerkings van 'n rekenaarstelsel. **OF** Beheer die hardeware en sagteware
3.1.3	VGA-poort	Dra beelde na 'n vertoonskerm/monitor/projektor oor deur 'n analoogsein te gebruik
3.1.4	waaier	'n Rekenaarwaaier is enige waaier binne 'n rekenaarkas of daaraan vasgeheg wat vir aktiewe verkoeling gebruik word en kan verwys na waaiers wat koeler lug van buite af in die kas intrek, warm lug van binne af uitstoot of lug oor 'n hittesinkput laat beweeg om 'n bepaalde komponent te verkoel om te verhoed dat 'n rekenaar oorverhit.

3.2 3.2.1 duim

3.2.2 aspekverhouding

3.2.3 Beter beeldgehalte OMDAT die seine digitaal is (d.w.s. nie analoog nie) HDMI-kabel dra video EN klank *(moet rede verskaf)*.

3.2.4
- 'n Ouer BIUS kan nie baie groot hardeskyfaandrywers herken nie.
- Verbinder op die moederbord is nie versoenbaar met hierdie aandrywer nie.
- Daar kan defekte op die aandrywer wees.
- Die bedryfstelsel herken nie die aandrywer nie.
- Die gasheeraanpasdrywers is nie geïnstalleer nie.
- Hardeskyfaandrywer nie korrek ingeprop/geïnstalleer nie.
- Kragbron nie sterk genoeg nie/ontoereikend vir ander toestel.

(Enige **TWEE** van bogenoemde)

3.3 3.3.1 Stel van die lees-alleen-eienskap sal beteken dat die lêer nie verander of deur 'n lêer met dieselfde naam vervang kan word nie. Dit sal veral nuttig wees in die geval van 'n RUGSTEUNlêer wat volgens definisie NIE onafhanklik van die oorspronklike lêer verander moet word nie. (*Sien begrip van die konsep na, nie die bewoording nie!)*

IEB Copyright © 2021

3.3.2 Neem minder spasie op bergingstoestel in beslag OF maak dit moontlik om meer en/of groter lêers op dieselfde toestel te stoor OF bespaar PERK/DATA wanneer lêer versend word.

3.3.3 In geval van diefstal/brand/ander ramp sal die rugsteunlêers saam met die oorspronklike lêers verlore wees, wat die "herstel" van die oorspronklike lêers onmoontlik maak.

3.4 3.4.1 'n Program wat gebruik word om sekere programme op spesifieke tye te laat loop.

3.4.2 Enige EEN van (moenie lêernaam aanvaar nie):
- tipe lêer, d.w.s. lêeruitbreiding
- teks binne lêer
- lêergrootte
- datum geskep
- outeur

(Dit is die algemeenstes. Jy kan op enige eienskap soek wat in die lêerlysopskrifte in Windows Explorer (Details view) verskyn.)

3.4.3
- Ctrl+Alt+Del en klik op Task Manager
- Windows-sleutel + X en kies Task Manager
- Ctrl+Shift+Esc

(Aanvaar enige EEN van bogenoemde)

- beëindig 'n program wat nie reageer nie
- verander wagwoord
- teken uit
- skakel af

(Aanvaar enige EEN van bogenoemde)

IEB Copyright © 2021

VRAAG 4 INTERNET EN NETWERKTEGNOLOGIEË

4.1 4.1.1 Brandmuur

4.1.2 Wurm (aanvaar virus/boosware)

4.1.3 Skakel **OF** skakelspil **OF** intelligente spil **OF** roeteerder **OF** brug.

4.2 4.2.1
- 'n WLAN bespaar koste, verg minder inspanning en bied minder probleme as om kabels te lê.
- Dit is maklik om bykomende toerusting op die netwerk by te voeg.
- Dit maak mobiliteit moontlik – jy kan verbind waar jy ook al toegang tot die sein in die kantoor kan kry.
- Daar is geen warboel wat met die gebruik van kabels geassosieer word nie.

*(Enige **TWEE** moontlike voordele)*

4.2.2
- Daar kan steuring met die draadlose sein wees, wat sal veroorsaak dat die toestelle hul verbinding met die netwerk verloor.
- 'n WLAN verg 'n hoër vlak van kundigheid om op te stel.
- Mense kan dalk onwettig toegang tot die netwerk verkry deur die draadlose sein te "onderskep".

*(Enige **TWEE** moontlike nadele)*

4.3 4.3.1
- Maak seker dat die jongste teenspioensagteware geïnstalleer is.
- Baie werwe wat veilige inligting vereis, word nou so geskep dat blaaiers jou sal waarsku as jy na 'n ander werf herlei word. Gee altyd aandag aan hierdie waarskuwings.
- Maak seker dat die werf waartoe jy toegang verkry, veilig is.
- Kontroleer dat die URL korrek is.

*(Enige **TWEE** moontlike antwoorde)*

4.3.2
- Hou jou bedryfstelsel op datum.
- Hou jou teenvirussagteware se definisies op datum.
- Wees versigtig wanneer jy sagteware van die internet af installeer.
- Moenie op skakels in opwipblokkies klik nie.
- Moenie aanhegsels of programme oopmaak tensy jy seker is wat hulle is en/of waar hulle vandaan kom nie.
- Handhaaf 'n goeie wagwoordbeleid.
- Moenie persoonlike inligting verskaf nie.
- Bly ingelig.
- Moenie liggelowig wees nie.
- Enigiets wat te goed is om waar te wees, is waarskynlik.

(*Enige **EEN** moontlike antwoord)*

4.3.3
- Wees bewus daarvan dat die persoon met wie jy kommunikeer dalk nie is wie hulle sê hulle is nie.
- Moet nooit voor die versoeking swig om enige persoonlike besonderhede te verskaf nie.

IEB Copyright © 2021

- Moenie reëlings tref om iemand te ontmoet met wie jy aanlyn kennis gemaak het nie.
- As iemand jou ongemaklik laat voel, sê dit onmiddellik vir iemand.
- Dink voor jy foto's of teks iewers op die internet plaas.
- Wees bewus daarvan dat geen bladsy wat jy op sosiale netwerkwerwe skep, privaat is nie.
- Dit is aanvaarbaar om vriendversoeke van vreemdelinge op sosiale netwerkwerwe te ignoreer.
- Wees agterdogtig oor iemand wat net te "perfek" is.

(*Enige **EEN** moontlike antwoord)*

4.4 4.4.1
- produkbeskrywing
- prys
- goedere te koop
- hiperskakels na inligtingwerwe oor die produkte
- sekuriteit vir betalingsmetodes
- inkopiemandjie-eienskap
- deursoek die webwerf vir 'n bepaalde produk
- hulpfasiliteit
- vermoë om produkte uit aftuimelblokkies te kies
- skakel pryse om in plaaslike geldeenheid
- maak voorstelle vir aankope op grond van vorige bestellings
- e-pos van fakture/state/afleweringskennisgewings/inligting
- speur die aflewering van bestellings na
- terugsendingsbeleid
- ontwerp
- maklike/gebruikersvriendelike navigasie
- laaispoed

*(Enige **TWEE** moontlike antwoorde)*

4.4.2
- bestee geen tyd om na die winkel toe te ry nie
- bevoordeel gestremdes wat nie maklik kan rondbeweeg nie
- geen reisonkoste soos petrol nie
- daar is 'n groter verskeidenheid goedere om uit te kies
- jy kan winkels/pryse vergelyk
- jy kan 24/7/365 inkopies doen
- daar is geen sekuriteitskwessies om kontant rond te dra nie
- items kan by enige adres afgelewer word
- geen verkoopsdruk nie
- privaatheid vir diskrete aankope

*(Enige **TWEE** moontlike antwoorde)*

4.4.3
- baie meer inligting beskikbaar
- kan teks/diagramme/foto's aflaai
- kan multimedia-aanbiedings opstel
- direkte wisselwerking met die maatskappy
- inligting wat op datum is

(*Enige **EEN** moontlike antwoord*)

IEB Copyright © 2021

4.5
- e-pos met lêeraanhegsels
- faks na e-pos
- laai inligting op webwerf
- FTP
- gebruik VPN
- wolkberging

(*Enige **EEN** moontlike antwoord)*

VRAAG 5 INLIGTINGSBESTUUR

5.1 Data is rou kennis wat ingesamel word. Sodra die data gemanipuleer en/of verwerk word, word dit inligting.

Voorbeeld:
Google Maps sal dus data oor paaie, padtoestande, ens. insamel en wanneer dit verwerk word, kan dit byvoorbeeld inligting oor slaggate in die pad verskaf.
(Aanvaar enige geldige voorbeeld)

5.2
- intydse verkeersnuus
- herroeteringsopsies beskikbaar
- voorstelle oor watter laan om in te wees
- voeg stilhouplekke in jou reis in
- kontroleer huidige en toekomstige verkeer
- oriënteer jouself
- navigeer deur geboue
- sien binnekant van plekke
- haal die laaste trein
- wat jou gunstelingplekke is
- stoor parkeerplek
- speur vriende na

(Enige **DRIE** van bogenoemde)

5.3 GPS-verbinding en jou foon se ligging moet geaktiveer wees

5.4
- Google Maps kan 'n land inlig waar die meeste verkeersopeenhopings voorkom.
- Google Maps kan die inligting gebruik om die padveiligheids-departement in te lig waar paaie nie op standaard is nie, aangesien hulle kan inzoem op die betrokke gebiede.
- Google Maps kan gebruik word om 'n voertuig na te speur en moontlik op te spoor indien daar 'n vorm van 'n volgtoestel is.
- Google Maps is nie tot een land beperk nie en kan dus aan mense inligting verskaf oor paaie in 'n ander land.

*(Enige **TWEE** antwoorde wat weerspieël hoe 'n land, sy burgers en die padveiligheidsdepartement kan voordeel trek uit die inligting wat van Google Maps ontvang word)*

5.5
- Die meeste mense kan toegang verkry tot data wat deur Google Maps vasgelê is, dus kan misdadigers dit gebruik om die aansig van 'n huis, maatskappy, ens. te sien en 'n roof te beplan.
- As die ligginginstelling as deel van sosiale media gebruik word, kan jy 'n bekruiper hê wat weet waar jy is.
- Ons weet nie wat in die agtergrond opgeneem word wanneer die Google Maps-toepassing gebruik word nie en dus kan jy 'n elektroniese voetspoor los wat op een of ander stadium gebruik kan word om jou daaglikse roetine na te speur.

*(Enige **EEN** van bogenoemde solank daar 'n negatiewe rede is)*

IEB Copyright © 2021

VRAAG 6 SOSIALE IMPLIKASIES

6.1
- Hulle kan posgeld en reis- en kommunikasiekoste bespaar deur video-konferensies te hou.
- Hul bemarkings- en reklamekoste kan laer wees, aangesien hulle wyer gehore met dieselfde inhoud kan bereik deur webwerwe en sosiale media te gebruik.
- Gebruik van mobiele toepassings soos WhatsApp, Telegram, ens. stel 'n maatskappy in staat om data in verskillende formate te stuur wat nie voorheen beskikbaar was nie.
- Dit is goedkoper as ouer vorme van kommunikasie soos telefoon-oproepe.

*(Enige **TWEE** geskikte antwoorde moet steeds met die maatskappy verband hou. Moenie bloot goedkoper aanvaar sonder 'n kwalifiseerder nie.)*

6.2 Blogs is webwerwe wat dikwels bygewerk word met nuus en geleenthede in chronologiese of sekwensiële volgorde. 'n Blog lees soos 'n joernaal met die jongste inskrywing bo. **OF** Dit is 'n persoonlike log wat op 'n webwerf gestoor word.

6.3 'n Wiki is 'n webwerf wat die samewerkende skep en redigering van die inhoud van webbladsye moontlik maak. Enigeen kan daartoe bydra en die finale gepubliseerde artikels behoort nie aan 'n enkele individu nie. Die gehalte of akkuraatheid van die inligting word dus nie gewaarborg nie.

6.4 Spioenware verwys na enige tegniek of sagteware wat die manier waarop jy jou rekenaar gebruik, probeer monitor en naspeur en hierdie inligting dan aan 'n derde party oordra.

'n Sleutellogger is 'n tipe spioenware wat jou sleuteldrukke aanteken terwyl jy tik en probeer om jou gebruikersname en wagwoorde te ontdek.

Banke reik waarskuwings uit omdat daar geen waarborge is dat hulle NIE spioenware bevat nie of omdat jou persoonlike aantekeninligting in die gedrang kan wees.

6.5 Inligtingoorlading
- Impliseer dat mense toegegooi word met te veel inligting van watter bron ook al en nie die inligting kan verwerk om 'n besluit te neem nie.

OF
- Die internet kan tot inligtingoorlading lei indien mense te veel tyd voor hul rekenaars deurbring en gebombardeer word met inligting oor wat oral in die wêreld gebeur.

EFFEK:
- Dit kan tot minder produktiwiteit by die werk en minder wisselwerking met familie lei.

OF
- Stres/angstigheid
  (*Enige redelike antwoorde oor die negatiewe impak wat inligting-oorlading kan hê)*

IEB Copyright © 2021

VRAAG 7 OPLOSSINGONTWIKKELING

7.1 7.1.1 =E3 – D3
=E3 – (B3 + C3)
=E3 – B3 – C3
(Aanvaar enige van die antwoorde: Een punt vir E3, een punt vir die korrekte aftrekkings)

7.1.2 =IF(F3<0, "Verlies", "Wins")
(Aanvaar korrekte variasies)

7.1.3 Kolom A , D en E.

7.1.4 voeg saam en sentreer

7.2 <head> <body> </table> </html> </p> (Aanvaar enige **VIER**)

IEB Copyright © 2021

AFDELING C

VRAAG 8 GEÏNTEGREERDE SCENARIO

8.1 'n URL is 'n alfanumeriese adres wat gebruik word om hulpbronne soos webbladsye, dokumente en lêers wat op webbedieners op die internet gestoor word, te identifiseer.

8.2
- Die gebruiker het op die Back-knoppie geklik (dalk verskeie kere) om terug te keer na die eerste bladsy wat besigtig is (gewoonlik die tuisblad), waarna daar geen verdere bladsye is om na "terug te keer" nie.
- Die blaaier is pas oopgemaak (d.w.s. dit is op die tuisblad) en geen ander werwe of bladsye is nog besigtig nie.

8.3 8.3.1
- Skype is 'n sagtewarepakket wat mense toelaat om te kommunikeer deur die internet of VoIP te gebruik.
- Skype laat jou toe om video-oproepe te maak en met 'n persoon te praat wat jy kan sien en hoor asof julle in dieselfde vertrek is.

8.3.2
- Kontroleer plaaslike tye voor jy iemand in 'n ander land skakel, aangesien hulle dalk nie in dieselfde tydsone as jy is nie.
- Gebruik slegs video wanneer nodig – of skakel video af indien oproepgehalte verswak.
- Gehalte kan aansienlik verbeter word deur 'n goeie kopfoon en mikrofoon te gebruik.
- Gee aandag aan jou kontak se status – moenie skakel wanneer hulle weg of besig is nie.
- Maak seker dat wanneer jy skakel jy voorbereid is en alle relevante vrae byderhand het.
- Maak seker dat die vertrek waarin jy is wanneer jy 'n VoIP-oproep maak vry is van te veel buitegeluide.

*(Aanvaar enige **DRIE** redelike antwoorde wat fokus op die aanbevelings wat as goeie praktyk beskou moet word wanneer VoIP gebruik word.)*

8.3.3
- Rekenaar se klankinstellings kan te laag wees (of op stil): kontroleer hierdie instellings.
- Rekenaar kan gestel wees om verkeerde klankafvoertoestel te gebruik: kontroleer hierdie instellings.
- Daar kan 'n (tydelike) sagteware- of aandrywerkonflik wees: herlaai rekenaar.
- Luidsprekers kan foutief wees: ruil met luidsprekers wat jy weet in 'n werkende toestand is.

*(Aanvaar enige **TWEE** redelike antwoorde)*

8.4 Regstelling: bywerking om 'n spesifieke "fout"/sekuriteitskwessie in sagteware reg te stel
Dienspakket: (Geskeduleerde) bywerking om ALLE "foute"/sekuriteitskwessies reg te stel (sluit dikwels nuwe/verbeterde eienskappe sedert aanvanklike vrystelling van sagteware in en is groter as regstellings)

8.5 Gebruikersnaam: Om jou toegang tot die webwerf te gee.
Wagwoord: Om jou toegang tot jou data op die webwerf te gee.

IEB Copyright © 2021

8.6 8.6.1 'n Toestel tussen die grootte/'n kombinasie van 'n slimfoon en 'n tablet wat die beste eienskappe van albei kombineer.

8.6.2 Die gaping/skeiding tussen diegene wat toegang het tot tegnologie/ tegnologie kan gebruik, en diegene wat nie het nie/nie kan nie.

8.7 8.7.1 Sosiale netwerkwerwe

8.7.2
- Sodat jy in verbinding kan bly met die bestuur van Arden University en met hulle kan kommunikeer.
- Sien watter nuwe kursusse hulle dalk aanbied.
- Begin netwerk met mense wat dalk soortgelyke belangstellings het.
- Wees deel van die vrae wat gereeld gevra word.

*(Aanvaar enige **TWEE** redelike antwoorde wat daarna verwys om te verbind en om ingelig te bly)*

8.8 8.8.1 MS Office 365 kan lêers gebruik/lees wat in MS Office 2016 geskep is.

8.8.2 Stoor die lêer(s), byvoorbeeld deur Save As te gebruik, in die ouer/ vorige weergawe.

VRAAG 9 GEÏNTEGREERDE SCENARIO (vervolg)

9.1 9.1.1 Die internet is 'n wêreldwye rekenaarnetwerk wat uit rekenaars en netwerke bestaan wat geskakel is deur telefoonlyne, vesel, ondersese kabels en satelliet- of mikrogolfverbinings te gebruik met die doel om te kommunikeer en hulpbronne te deel.
(Aanvaar enige redelike antwoorde wat bewys lewer dat die leerder verstaan dit is rekenaars wat verbind is en hulpbronne deel. Sien noukeurig na om konsekwente nasienwerk te verseker.)

9.1.2
- Bladsye wat flitsgrafieke gebruik, kan óf nie laai nie óf baie stadig laai en veroorsaak dat jou toestel vries of ineenstort.
- Bladsye wat groot grafika of tabelle gebruik, vertoon dalk nie korrek nie.
- Bladsye wat op koekies, opwipvensters vir datatoevoeging en JavaScript steun, werk dalk nie korrek nie.

(Aanvaar enige redelike antwoorde wat bewys lewer dat die leerder verstaan dat met 'n skootrekenaar die skermgrootte, grafika sowel as die grootte van geheue 'n impak op die gehalte en laaispoed van webwerwe, ens. kan hê)

9.2 9.2.1 SVE
LSG
toegewyde grafikakaart
(Aanvaar enige TWEE van die drie)

9.2.2 Skootrekenaars het die voordeel dat jy enige tyd op enige plek kan werk en altyd jou data by jou het. Hulle laat jou ook vir 'n paar uur op batterykrag loop.

IEB Copyright © 2021

9.2.3 Verwyder tydelike lêers **OF** Skrap lêers en gidse in die herwindrom **OF** Verwyder tydelike lêers wat deur Windows geskep is **OF** Verwyder komponente van Windows wat nie gebruik word nie **OF** Verwyder programme wat nie meer gebruik word nie
*(Aanvaar enige **EEN** redelike antwoord)*

9.3 9.3.1 Multimedia is inhoud wat teks, klank, beelde, tekeninge, animasies en rolprente kombineer om idees en konsepte aan 'n gebruiker oor te dra.

9.3.2 Adobe Flash, Fireworks, DreamWorks, ens.

9.3.3 toepassingsagteware

9.4 Om jou hardeware en data teen kragdalings en/of -stuwings sowel as kragonderbrekings te beskerm.

9.5 9.5.1 Google Drive, Dropbox, DROPitTOme, filegooi, OneDrive, SkyDrive
(Aanvaar enige redelike antwoord)

9.5.2 Sinchronisering beteken dat die veranderinge wat jy in 'n lêer aanbring, bygewerk sal word op al die rekenaars of toestelle wat met hierdie stelsel geskakel is (bv. Dropbox). Op hierdie manier kan jy seker wees dat jy altyd met die jongste weergawe van 'n lêer werk.

9.6 9.6.1 Groenverwerking is 'n term wat gebruik word vir die beskrywing van die gebruik van rekenaars op 'n manier wat sensitief is vir die omgewing.

9.6.2
- Skakel rekenaar en toestelle af wat nie gebruik word nie.
- Vermy die mors van papier deur eerder op die skerm te proeflees.
- In plaas daarvan om hardeware weg te gooi, kyk of iemand anders dit kan gebruik of probeer dit herstel of opgradeer.
- Moenie net ink- en poeierinkpatrone weggooi nie. Stuur jou patrone eerder terug na die vervaardiger wanneer jy daarmee klaar is. Ondersoek die moontlikheid om ink- en inkpoeierpatrone te hervul of te hergebruik.

*(Aanvaar enige **DRIE** redelike antwoorde)*

9.6.3
- Sit korrek.
- Sorg vir gereelde onderbrekings.
- Koop ergonomiese sleutelbord en muis.
- Kyk soms weg van die skerm af.
- Maak seker daar is genoeg beligting en ventilasie in die vertrek waarin jy werk.
- Verstel die hoogte van jou sitplek sodat jy met jou hande gelyk met die sleutelbord kan sit, ens.

*(Aanvaar enige **TWEE** redelike antwoorde)*

Totaal: 150 punte

IEB Copyright © 2021